

Maandag 16 Julie

Skrifgedeelte: Jakobus 1:21-25

**Fokusgedeelte: Jakobus 1:21-25;
Heidelbergse Kategismus 38:103**

Die toets vir jou geloof

As jy die Sondag reg deurbring, het dit 'n lewensveranderende effek op jou. Is dit egter 'n blywende effek? Jy het die sonde laat rus, en jy het die Heilige Gees se werk in jou ervaar – die Gees wat jou herinner aan al Christus se Woorde.

MAAR: Kan jy dit wat Sondag deur God se Woord en sy Gees in jou bereik is, Maandag tot Saterdag voortsit?

Dit is die uitdaging vir jou geloof: om wat jy Sondag begin het, Maandag voort te sit!

Dit behels dat jy die eer van God sal bly soek in jou daaglikse werk, al is dit skoolwerk; dat jy die liefde en vergewensgesindheid sal toepas in jou huwelik en in jou gesin; dat jy die eerlikheid en opregtheid behou tussen jou vriende en kollegas.

'n Sondag-Christen gee aan “kerkmense” 'n slegte naam. 'n Volweek-Christen gee aan die “kerkmense” geloofwaardigheid en dit maak Christus se liefde 'n werklikheid in 'n dik-wels liefdelose wêreld.

So wag jy nie eers om in die hemel te kom voor jy God dien nie, maar begin jou diens aan Hom reeds in hierdie lewe.

Daarom moet ons elke weensdag biddend begin en in geloof aanpak. Elke dag word 'n klein Sabbat waarin jy die Here dien in alles wat jy doen.

Is dit wat jy Sondag in die Spieël van God se Woord gesien het, die werklikheid wat die wêreld Maandag van jou woorde en dade sien?

Sing: Psalm 40-1:4

Ds. CJ (Christo) van Vuuren (Hartbeespoort)